education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GEMEENSKAPLIKE TAAK VIR ASSESSERING (GTA)
GRAAD 9
2008

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**LEERDERBOEK**

**Afdeling A**

**TEMA:**
**Persoonlike Ontwikkeling**

**Voorgestelde tyd: 5 ure**

**150 punte**

## INHOUDSOPGAWE


| AKTIWITEITE | TYD | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| **Taak 1: Kontekstualisering** | **2 periodes** | **20** | **3 – 5** |
| 1.1 Klasbespreking | 10 – 15 minute | 0 | 3 – 4 |
| 1.2 Groepbespreking met terugvoer | 45 – 50 minute | 20 | 4 – 5 |
| **Taak 2: Respons op teks** | **3 periodes** | **40** | **6 – 11** |
| 2.1 Funksionele tekste | 1 periode | 20 | 6 – 9 |
| 2.2 Taalstruktuur | 1 periode | 20 | 10 - 11 |
| **Taak 3: Ondersoek en aanbieding** | **3 – 4 periodes** | **70** | **12 – 17** |
| 3.1 Die onderhoud | 1 periode | 20 | 12 – 14 |
| 3.2 Die aanbieding | 2 – 3 periodes | 50 | 15 – 17 |
| **Taak 4: Skryf** | **2 – 3 periodes** | **20** | **18 – 21** |
| 4.1 Die aansoekbrief | 1 – 2 periode(s) | 0 | 18 – 20 |
| 4.2 Die curriculum vitae | 1 – 2 periode(s) | 20 | 21 |
| **TOTAAL** | **10 – 12 periodes (5 ure)** | **150** | **21** |


## KONTEKS

Hierdie eenheid sal jou help dink aan watter beroep jy eendag wil kies.

Die proses begin al in Graad 9 wanneer jy jou vakke kies of dalk besluit om die skool te verlaat om 'n meer praktiese rigting te volg.

Dis beslis nie 'n maklike proses nie. Dit is jou reg om soveel inligting moontlik in te win om die regte keuses te maak. Hierdie besluit raak ook jou hele gesin.

Dit is baie belangrik dat jy jouself goed leer ken – jou drome en waardes moet in ag geneem word as jy belangrike keuses rakende jou toekoms maak.

Hierdie eenheid bied ook 'n aantal praat-, skryf-, lees- en visuele take aan. Die doel is om jou taal en kommunikatiewe vermoëns te verbeter.

## TAAK 1 KONTEKSTUALISERING (60 minute)

Die doel van hierdie taak is om:

- woordeskat oor beroepskeuses te leer sodat jy in die opvolgende aktiwiteite met gemak kan praat, lees en skryf;
- te leer hoe om te luister;
- te leer om goed saam te werk in 'n groep;
- jou persoonlikheid, drome en wense vir die toekoms te kan omskryf.

Jou onderwyser sal die volgende klas- en groepbespreking fasiliteer. Dit is baie belangrik dat jy na ander in die klas luister en die luisterreëls mooi verstaan. Wees bedagsaam vir ander se standpunte en sienings en toon respek.

## TAAK 1.1 KLASBESPREKING (10 – 15 minute)

Bestudeer die prentjies. Julle gaan as klas saam 'n lys beroepe opstel. Jy moet ook aan ander moontlike beroepskeuses dink; dit sal die lys aanvul.

1.1




1.2



1.3



1.4



1.5



1.6




1.7



1.8



1.9



Foto's verkry van die volgende webblaaie:
<www.Aichberger.de>; <www.thevillager.com>; <www.nasa.gov>; <www.plumberfinder.us>; <www.skyeauroradesigns.com>; <www.anchorhealthcare.net>; <www.xianzai.com>; <www2.hillsong.com>; <ngfl.northumberland.gov.uk>; www.activist-trauma.net <www.coffeyhealthcare.ie>

## TAAK 1.2 GROEPBESPREKING MET TERUGVOER (45 – 50 minute)

### 'N GROEP TIENERS BESPREEK GEDURENDE POUSE HUL TOEKOMSTIGE BEROEPE EN VAKKEUSES

**Ryan** : Kan julle dit glo! My Wiskunde-onnie, mnr. Zikalala, het gesê ek moet volgende jaar Wiskunde neem. Ek het 12% vir my Wiskunde-eksamen in Julie-maand behaal en nou wil hy hê ek moet die vak neem. Nooit!

**Preshani** : Ryan, moenie simpel wees nie! Dit is nie mnr. Zikalala wat jou so graag in sy klas wil hê nie; dis net hoe die nuwe onderwysstelsel werk, my skat. Almal moet Wiskunde as vak neem. Ek is seker dat hy baie bly sou wees as jy Wiskunde los!

**Refilwe** : Ek stem! (almal lag) Dit ontstel my so, want ek wil 'n aktrise word (vol drama sit sy haar hand teen haar bors). Ek gaan NOOIT Wiskunde gebruik nie. Ek moet net hard aan my tale werk dan kry ek dalk werk op *Isidingo*, *Sewende Laan* of *Muvhango*. Ek wil nie soos daai *coconuts* wees wat net Engels kan praat nie. Ek gaan in matriek A's in Engels, Sesotho en Afrikaans behaal. Hou my dop!

**Stefan** : Ja, ja, Refilwe, en my ma is Charlize Theron! Ek hou van ernstige vakke: Wiskunde en Wetenskap. Ryan, ten minste kan jy en Refilwe Wiskundige Geletterdheid neem. Dink net, ek wil 'n ingenieur word en ek moet twéé tale neem. Dit is so onregverdig! Wie het in elk geval Sesotho en Afrikaans nodig? Engels is die besigheidstaal. Kan julle Refilwe as 'n aktrise sien? Sy kan nie eers 'n toespraak in die klas lewer sonder om histeries rond te hardloop nie. En het julle na haar klere gekyk? Net handelsmerke waar jy kyk! Hoe gaan sy soos 'n arm aktrise leef? Siestog!

(Hulle lag saam, behalwe Refilwe, wat Stefan net aangluur.)

**Refilwe** : Stefan, nee! Jy dink dat jy so slim is, maar jy is te vreklui om ooit 'n ingenieur te word. Jy moet liewers 'n ryk vrou kry sodat sy kan werk en jy by die huis kan sit, na die kinders kyk en die hele dag lank saam met hulle jou simpel rekenaarspeletjies speel.

**Preshani** : Kalmeer julle, ouens! Onthou net dat 'n mens nie net vakke kies wat jy dink jy dalk vir die toekoms nodig sal hê nie. Vakke wat verpligtend is, soos Wiskunde en jou tale, ontwikkel jou brein en laat jou beter dink. As enigiemand 'n probleem behoort te hê, is dit in elk geval ek! Ek wil my eie skoonheidsalon begin. Daar is amper niks hier op skool wat ek eendag gaan gebruik nie. Dalk is dit goed as ek tale aanleer, dan sal ek baie klante

hê. Besigheidstudie is ook 'n goeie vak vir my om te kies, maar my droom is om skool te los en vir 'n diploma in skoonheidsterapie in te skryf by een van die VOO (Verdere Onderwys en Opleiding) Kolleges, maar my pa wil niks daarvan hoor nie ...

**Ryan** : My pa sou mal word as ek vir hom sê ek gaan 'n akteur of 'n haarkapper word. Hy wil hê ek moet eendag sy besigheid oorneem en dus moet ek Wiskunde, Wetenskap en Rekeningkunde neem. Al my sterk vakke, natuurlik. Hy wil nie hoor dat ek daarvan droom om met diere te werk nie.

**Refilwe** : Ek het altyd geweet jy’s 'n wilde dier, Ryan.

(Terwyl hulle nog skater, lui die klok.)

**Stefan** : Wel, ouens. Ek het nou Kuns en Kultuur en ons gaan vandag skilder. Ek is so rigtingloos soos mnr. Zikalala wanneer dit by kuns kom.

**Almal** : Sien julle tweede pouse.

Noudat julle die dialoog saam deurgelees het, neem 'n paar minute om te gesels oor julle eie kwessies, drome en bekommernisse vir die toekoms.

- Julle gaan in groepe van 5 verdeel word.
- Elke groeplid kry 'n taak: 'n voorsitter; iemand wat notas neem; iemand wat terugvoer aan die klas gee; iemand wat die instruksies vir die groep voorlees en 'n tydhouer.
- Jou onderwyser gaan vir elke groep 'n prentjie uit Taak 1.1 gee, of een van die beroepe wat julle as klas opgestel het.
- Jou onderwyser gaan 'n diagram vir julle gee waarop julle die taak moet uitvoer.
- Onthou dat daar geen 'korrekte' antwoorde is nie; die taak behels 'n **bespreking** en julle word op julle vermoë om na mekaar te luister geassesseer, en nie op die inligting self nie.
- Skryf die naam van die beroep bo-aan die diagram.
- Skryf die volgende inligting oor die beroep onder die volgende opskrifte:
  - In die blok links bo, maak 'n lys van verpligte vakke vir jou gegewe beroep en enige ander vakke wat dalk nuttig kan wees. Dui ook aan indien hierdie beroep by 'n VOO Kollege aangebied word.
  - In die blok regs bo, maak 'n lys van die karaktereienskappe wat 'n mens dalk vir daardie werk nodig sal hê.
  - In die blok links onder, stel 'n lys voordele op van dié beroepskeuse.
  - In die blok regs onder, stel 'n lys nadele op van dié beroepskeuse.

**[20]**

**20 punte**

**TAAK 2 RESPONS OP TEKS (60 minute)**

Die doel van hierdie taak is om:

- jou woordeskat oor die tema van beroepskeuses verder uit te brei sodat jy daaroor kan praat, lees en skryf;
- begrip te ontwikkel vir die manier waarop verskillende visuele tekste betekenis oordra;
- begrip te ontwikkel vir verskillende visuele tekste soos tabelle en grafieke;
- aan te toon dat jy verskillende taalstrukture kan gebruik.

**TAAK 2.1 FUNKSIONELE TEKSTE (30 – 40 minute)**

**TEKS A 'N CURRICULUM VITAE**

Bestudeer die Curriculum Vitae op die volgende bladsy en beantwoord dan die volgende vrae:

1. Aan watter buitemuurse aktiwiteite het Jayshree op skool deelgeneem? Noem twee. (2)

2. Hoe weet ons dat Jayshree hoë punte op skool behaal het? Gee twee redes. (2)

3. Gee een woord wat aandui dat Jayshree meer as een taal kan praat. (1)

4. Hoekom het Jayshree haar kontakbesonderhede op haar CV ingesluit? (2)

5. Jayshree verwys na drie vaardighede in haar CV. Watter een dink jy, is die belangrikste vir iemand wat by 'n bank aansoek om 'n betrekking wil doen? Gee twee redes vir jou antwoord. (3)

[10]

**Curriculum Vitae**
**van**
**Jayshree Govender**



**PERSOONLIKE INLIGTING**

| | | |
|---|---|---|
| **Adres** | **:** | Georgelaan 3, Kensington, 2001 |
| **Geboortedatum** | **:** | 7 Maart 1990 |
| **Nasionaliteit** | **:** | Suid-Afrikaans |
| **Bestuurderslisensie** | **:** | Ja |
| **Kontakbesonderhede** | **:** | (011) 808 – 1276 (h)<br>(084) 316 – 1976 (selfoon) |

**PERSOONLIKE VERKLARING**

Ek is 'n hardwerkende leerder wat in my skoolloopbaan presteer het. Ek het uitstekende akademiese prestasies behaal en ek het vir die eerste sokkerspan gespeel. Ek het ook aan dramaopvoerings deelgeneem. Dit is, myns insiens, belangrik om gemeenskapdiens te doen, en ek het elke Woensdag die Hope Weeshuis besoek. Al hierdie verskillende aspekte maak dat ek 'n vrou met waardes en integriteit is. Ek is iemand op wie 'n mens kan staatmaak, en is ook trots Suid-Afrikaans.

**KWALIFIKASIES**

**2008** **Nasionale Senior Sertifikaat**
Kensington Hoërskool (2004 – 2008)

- Ek het onderskeidings in Aardrykskunde, Afrikaans Eerste Addisionele Taal en Kuns behaal.

**VAARDIGHEDE**

- Rekenaarvaardighede (Microsoft Word, Excel en PowerPoint)
- Kommunikasievaardighede (Ek is drietalig: Engels, Afrikaans en isiZulu)
- Leierskap (Leerderverteenwoordiger vir my registerklas in Graad 11 en Graad 12)

**VERWYSINGS**

- **Mnr. Graham Masbenza**
  **Hoof – Kensington Hoërskool**
  (011) 808 - 1458
- **Me. Stephanie Daniels**
  **Afrikaans onderwyser**
  (084) 456 – 1278
- **Me. Busi Khumalo**
  **Hoofverpleegster by die Hope Weeshuis, Berea**
  (011) 808 - 1276

**TEKS B TABEL**

Bestudeer die tabel en beantwoord die vrae wat volg:

**Vakkeuses vir Graad 10**
**Hoërskool Diepsloot**

| Vakkeuses | Seuns | Meisies | Totaal |
|---|---|---|---|
| isiZoeloe Huistaal | 40 | 45 | 85 |
| Sesotho Huistaal | 8 | 17 | 25 |
| Engels Eerste Addisionele Taal | 48 | 62 | 110 |
| Afrikaans Tweede Addisionele Taal | 9 | 5 | 14 |
| Wiskunde | 30 | 15 | 45 |
| Wiskunde Geletterdheid | 18 | 47 | 65 |
| Wetenskap | 25 | 11 | 36 |
| Lewenswetenskap | 20 | 22 | 42 |
| Geskiedenis | 10 | 8 | 18 |
| Aardrykskunde | 4 | 18 | 22 |
| Rekeningkunde | 11 | 8 | 19 |
| Besigheidstudies | 30 | 28 | 58 |
| Visuele Kuns | 2 | 10 | 12 |
| Inligtingstegnologie | 10 | 13 | 23 |

6. Noem twee tale wat Hoërskool Diepsloot aanbied. (2)


7. Watter vak is deur die meeste meisies gekies? (1)

8. 8.1 Watter vak is deur die minste seuns gekies? (1)

   8.2 Kan jy aan 'n rede dink hoekom so min seuns hierdie vak gekies het? (1)

**[5]**

**TEKS C GRAFIEK**




9. Wat word in die grafiek hierbo vergelyk? Skryf jou antwoord in een volsin. (2)

10. Hoe sluit die data in Teks C by die data in Teks B aan? (2)

11. Hoeveel leerders is volgens Teks B en C in Graad 10 aan die Hoërskool Diepsloot? (1)

[5]

**[20]**

**TAAK 2.2 TAAL (30 minute)**

Wanneer hulle wel 'n werk kry, voel mense dikwels dat hulle nooit genoeg tyd het nie. Die persoon in dié tekening voel net so.




**Woordstrukture**

Skryf NET die *nommer* en die *korrekte woord* neer:

**Gee elke keer die korrekte vorm van die woord tussen hakies:**

1. Hierdie 1.1 klein (man) word deur tyd vasgevang. Sy 1.2 (arm) is uitgestrek soos 'n slagoffer. Hy dra 1.3 (werksklere / werkskleure – kies die korrekte woord). (3)

2. Die man het 'n 2.1 (baie vet – gee EEN woord) gesig. Op die oomblik is dit 2.2 (10:05 – skryf voluit), maar hy moet elke oggend om 2.3 (08:30 – skryf voluit) by die werk wees. (2)

3. Hy verdien ongeveer (R 14 000 – skryf voluit). (1)

**Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:**

4. Hoe 4.1 (hard) hy werk, hoe 4.2 (oud) voel hy. (2)

5. Hy probeer om altyd sy werk (goed) as ander mense te doen. (1)

**Sinstrukture**

6. Verbind die volgende sinne met die woorde tussen hakies:

   6.1 Die man is baie gespanne. Sy vrou gaan van hom skei. (aangesien) (2)

   6.2 Die man lyk baie gespanne. Hy werk vir ABSA-Bank. (wat) (2)

7. Skryf die volgende sinne oor, maar begin telkens soos aangedui word.

7.1 Maak al jou werk klaar!

**Nee, ...** (2)

7.2 Lucy vra: 'Wil jy vanaand 'n fliek gaan kyk?'

**Lucy vra ...** (2)

7.3 Johan en sy vrou besoek elke week 'n sielkundige.

**'n Sielkundige ...** (2)

7.4 Johan en sy vrou besoek elke week 'n sielkundige.

**Johan en sy vrou het ...** (1)

**[20]**

**40 punte**

## TAAK 3 ONDERSOEK EN AANBIEDING (90 minute)

Die doel van hierdie taak is om:

- die woordeskat wat jy tot dusver geleer het, te gebruik;
- jou vermoë om navorsing te doen te kan ontwikkel deur 'n onderhoud te voer;
- begrip te toon vir hoe suksesvolle vrae tot 'n suksesvolle onderhoud kan lei;
- die korrekte woordorde en punktuasie te gebruik met die opstel van vrae;
- jou navorsing op 'n interessante manier aan te bied;
- 'n visuele hulpmiddel doeltreffend te gebruik.

## TAAK 3.1 DIE ONDERHOUD (30 – 40 minute (en huiswerk))

Jy gaan 'n ondersoek in jou eie (of 'n ander) gemeenskap loods. Voer 'n onderhoud met iemand wat 'n beroep volg of 'n werk doen wat jy graag sal wil doen.

Na jou onderhoud gaan jy jou navorsing vir die klas aanbied as 'n voorbereide praatjie. Poog om dit interessant en vermaaklik aan te bied.

Ons gaan eers in groepe van twee verdeel en tien vrae opstel wat julle aan die persoon in jul gemeenskap gaan stel. Julle gaan albei dieselfde tien vrae gebruik; dit is dus belangrik dat albei die vrae moet neerskryf.

Julle gaan 15 - 20 minute kry om die vrae op te stel. Daarna sal julle jul vrae met 'n ander groep s'n uitruil om die vrae te evalueer. Skryf jou vrae op die volgende bladsy neer.

NAAM: ______________________________

DATUM: ______________________________

Skryf jul vrae hieronder neer:

1. ______________________________

______________________________

2. ______________________________

______________________________

3. ______________________________

______________________________

4. ______________________________

______________________________

5. ______________________________

______________________________

6. ______________________________

______________________________

7. ______________________________

______________________________

8. ______________________________

______________________________

9. ______________________________

______________________________

10. ______________________________

______________________________

Gebruik die volgende kontrolelys om 'n ander groep se vrae te assesseer:

**Leerders in die groep:** ______________________________

**Datum:** ______________________________

| | **Nee (0)** | **Die groep behoort meer aandag aan hierdie aspek te gee (1 - 2)** | **Ja (3 - 4)** |
|---|---|---|---|
| 1. Al die vrae begin met hoofletters. | | | |
| 2. Al die vrae eindig met vraagtekens. | | | |
| 3. Daar is 'n verskeiedenheid OOP en GESLOTE vrae. | | | |
| 4. Die vrae sal beslis die onderhoudvoerder 'n goeie idee oor die werk van die persoon gee. | | | |
| 5. Die vrae sluit ook 'n paar persoonlike vrae in wat daarop gemik is om inligting te verkry oor emosies en lewenservaringe. | | | |
| **TOTAAL** | | | **20** |

**Opmerkings:**

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

**Assesseerders:**

**1.** ______________________________

**2.** ______________________________

**3.** ______________________________

**[20]**

## TAAK 3.2 DIE VOORBEREIDE PRAATJIE / AANBIEDING (50 – 60 minute)

In die vorige taak het jy tien vrae opgestel wat jy kan gebruik om 'n onderhoud met iemand in jou gemeenskap oor hulle beroepskeuse of werk te voer.

Nadat jy hierdie onderhoud gevoer het en inligting verkry het, moet jy dit verwerk as 'n klasaanbieding van 1 tot 2 minute. Jy mag nie langer as 2 minute praat nie, en jou onderwyser sal jou aanbieding moet kortknip indien jy langer praat.

Maak gebruik van 'n visuele hulpmiddel tydens jou aanbieding. Teken of plak 'n prent van die werk / beroep waaroor jy gaan praat op 'n A4-bladsy. Plak of skryf ook sleutelwoorde op die bladsy.

Jou onderwyser sal die vereistes vir 'n suksesvolle aanbieding met die klas deurgaan, asook die nasienrubriek. Luister aandagtig na hierdie vereistes sodat jy 'n goeie punt kan behaal. Hy / sy sal ook 'n moontlike struktuur vir die aanbieding bespreek.

Hou die volgende in gedagte vir 'n suksesvolle aanbieding:

- Jou inleiding moet die gehoor se aandag prikkel.
- Die inleiding moet kortliks die struktuur van jou aanbieding saamvat.
- Jou inleiding en aanbieding moet die gehoor redes gee om na jou te luister, al het hulle geen belangstelling in die onderwerp nie. (Bv.: gebruik jy voorbeelde, humor, visuele hulpmiddels, persoonlike stories of voorbeelde waarmee jou gehoor kan identifiseer?)
- Jou aanbieding moet 'n duidelike struktuur hê.
- Jou gehoor moet 'n basiese begrip van die werk / beroep kry deur middel van jou aanbieding.
- Jy moet probeer om verbale en nie-verbale tegnieke te gebruik om jou gehoor se aandag te trek en te boei. (Bv. handgebare, gesigsuitdrukking, lyftaal, stemgebruik vir effek, oogkontak.)
- Jy moet beslis nie jou aanbieding lees nie.
- Jy moet jou visuele hulpmiddel effektief gebruik.
- Jou slot moet die kerngedagtes en struktuur van jou aanbieding saamvat.
- Jou slot moet jou gehoor met iets laat wat hulle sal laat nadink.
- Jy moet goed voorbereid wees – nie net met jou inligting nie, maar ook met hoe jy dit gaan oordra om jou gehoor se aandag te boei.
- Gebruik sleutelwoorde.

BLAAI ASSEBLIEF OM

**PORTUURASSESSERING**

Jou onderwyser gaan drie leerders vra om elke aanbieder te assesseer. Hy / sy sal 'n gemiddeld van die drie punte gebruik.

**Leerder se naam:** ____________________

**Datum:** ____________________

Beantwoord die volgende vrae:

| | | **Nee (0)** | **Gedeeltelik (1)** | **Ja (2)** |
|---|---|---|---|---|
| **1** | Was jou klasmaat gereed toe die onderwyser hom / haar vra om sy / haar aanbieding te lewer? | | | |
| **2** | Het jou klasmaat entoesiasties en vol selfvertroue voorgekom? | | | |
| **3** | Het jou klasmaat sleutelwoorde gebruik? | | | |
| **4** | Het jou klasmaat met die klas gepraat, en nie die toespraak gelees nie? | | | |
| **5** | Het jou klasmaat goeie oogkontak met die klas behou? | | | |
| **6** | Het jou klasmaat sy / haar visuele hulpmiddel op 'n plek wat sigbaar vir die hele klas was, geplaas? | | | |
| **7** | Het jou klasmaat na sy / haar visuele hulpmiddel verwys? | | | |
| **8** | Het jou klasmaat se inleiding die klas se aandag getrek? | | | |
| **9** | Het jou klasmaat die klas se aandag deur die hele aanbieding gehou? | | | |
| **10** | Het jou klasmaat 'n slot gehad wat sy / haar aanbieding opgesom het, en jou met iets gelos het om oor te gaan nadink? | | | |

| | | |
|---|---|---|
| **TOTAAL** | | **20 ÷ 2 = 10** |

**Opmerkings:**

## ONDERWYSERSASSESSERING

| | 0 - 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Voorbereiding** | Amper niks nie. Nie gereed op die dag nie. | Wel voorbereiding gedoen, maar nie genoeg navorsing nie. Geen voor-bereiding gedoen om die klas se aandag te behou nie. | Navorsing redelik. Het probeer om klas se aandag te behou. | Navorsing sluit die persoonlike / emosionele vlak in. Aanbieding so beplan om die klas se aandag te trek en te behou. |
| **Inleiding** | Geen inleiding nie. | Het 'n inleiding, maar trek nie aandag nie. | Inleiding trek aandag, maar gee nie die hoofpunte van die aanbieding nie. | Trek aandag en gee die hoofpunte van die aanbieding. |
| **Navorsing** | Geen. | Ja, maar nie genoegsaam nie. | Genoegsaam. | Uitstekend en sluit die inligting en persoonlike / emosionele aspekte van die werk in. |
| **Struktuur** | Geen. | Verwarrend. | Het struktuur, maar nie interessant nie. | Stuktuur beplan om klas se aandag te boei. |
| **Visuele hulpmiddel** | Geen. | Het een, maar word nie gebruik nie. | Verwys daarna. | Dit word in die aanbieding gebruik om die inhoud te beklemtoon en interessant te maak. |
| **Slot** | Geen. | Poging aangewend, maar swak gedaan. | Die slot is 'n samevatting van die hoofidees. | Die slot is 'n samevatting van die hoofidees en laat die klas met iets om oor te gaan nadink. |
| **Stemgebruik** | Nie vir effek gebruik nie. Monotoon. Praat te sag. Praat te vinnig. | Stem nie eintlik gebruik om die aanbieding interessant te maak nie. | Het gepoog om stem op 'n interessante manier te gebruik met beklemtoning, pouses, infleksie en projeksie. | Stemtegnieke goed en effektief geïntegreer in aanbieding. |
| **Oogkontak** | Geen oogkontak word gemaak nie. | Wel oogkontak, maar nie genoegsaam nie. | Redelike gebruik van oogkontak. | Oogkontak effektief gebruik. |
| **Sleutelwoorde (4 ÷ 2 = 2)** | Geen sleutelwoorde word gebruik nie. | Wel sleutelwoorde, maar nie genoegsaam nie. | Redelike gebruik van sleutelwoorde. | Sleutelwoorde effektief gebruik. |
| **Gebruik van handgebare en gesigsuitdrukkings (4 ÷ 2 = 2)** | Geen. | 'n Paar. | Redelik. | Effektief gebruik en beplan. |
| **Taal** | Kon nie kommunikeer nie as gevolg van vele taalfoute. Taal onvanpas. | Taalfoute, maar die leerder kan kommunikeer. | Leerder kommunikeer, en teikengehoor is wel in ag geneem. | Amper geen taalfoute nie. Taal effektief gebruik. |
| **TOTAAL VIR AANBIEDING** | | | | **40** |

**[50]**

**70 punte**

## TAAK 4 SKRYF (60 minute)

Die doel van hierdie taak is om:

- 'n eenvoudige sakebrief te skryf (d.w.s. 'n aansoek om 'n betrekking);
- 'n curriculum vitae (CV) te kan opstel;
- aan te toon dat jy die vereistes vir verskillende soorte tekste kan nakom;
- jou skryfstyl te kan verander vir 'n spesifieke teikengehoor, doel of situasie;
- jou skryfwerk te beplan, te proeflees en te korrigeer.

### TAAK 4.1 DIE AANSOEKBRIEF

Jou onderwyser gaan julle in groepe van 3 indeel om hierdie taak te voltooi.

Lees deur die **Aansoek om 'n betrekking** op die volgende bladsy.

Onthou, as die inligting nie in die brief verskyn nie, is dit jou taak om kreatief te wees oor me. Julia Meintjies se lewe.

Posbus 45
NELSPRUIT
1200
30 Julie 2008

Dr. Felicity Mahlakwane
Departement Verpleegkunde
Polokwane Hospitaal
Posbus 411
POLOKWANE
0700

Geagte Dr. Mahlakwane

AANSOEK OM BETREKKING AS HOOFVERPLEEGSTER

Hiermee doen ek aansoek om die betrekking as hoofverpleegster in u hospitaal, soos geadverteer in *Rapport* van 29 Julie 2008.

Die pos vereis 'n hoofverpleegster met meer as tien jaar ondervinding in 'n waakeenheid. Ek het vir meer as tien jaar by die Nelspruit Hospitaal se waakeenheid gewerk, vanaf Januarie 1997 tot op hede. In 2007 is ek as senior verpleegster in die eenheid aangestel nadat ek my kwalifikasies opgradeer het.

U advertensie vra ook vir rekenaargeletterdheid in Microsoft Excel, Word en PowerPoint. Ek het my Internasionale Rekenaarslisensie in April hierdie jaar verwerf. U het ook iemand nodig wat die ander verpleegsters kan aanmoedig, veral onder moeilike omstandighede. Ek het van 1994 tot 1996 by Johannesburg Hospitaal gewerk, en dit het my goed voorberei om onder enige toestande te werk. Ek het ook by hierdie inrigting my graad met onderskeiding verwerf. Ek dink 'n gesinslewe is baie belangrik, en ek is 'n goeie verpleegster omdat ek probeer om balans in my lewe te kry. Ek geniet dit om te skryf en om te draf, nietemin is ek 'n toegewyde verpleegster. Ek was hoofmeisie aan die Hoërskool Platrand en het in die eerste netbalspan gespeel.

Ek verwys u graag na die referente in my CV. U kan te eniger tyd met my in aanraking kom by die volgende nommer: 083 769 6534.

Die uwe

J. Meintjies

Julia Meintjies (Me.)

Gebruik die inligting in die aansoekbrief om die volgende tabel te voltooi:

**OPSOMMING VAN DIE INLIGTING OOR JULIA MEINTJIES**

| | |
|---|---|
| **Persoonlike inligting:** | Adres: |
| | Selfoonnommer: |
| **Kwalifikasies:** | |
| | Naam van Hoërskool:<br>Prestasies? |
| **Ander kursusse:** | 2008<br>Wat? |
| **Werkservaring:** | Januarie 1997 tot die hede:<br>Waar?<br><br>Wat? |
| | Januarie 1994 – Desember 1996:<br>Waar?<br><br>Wat? |
| **Belangstellings** | |
| **Referente** | 1. Naam:<br>Verwantskap: |
| | 2. Naam:<br>Verwantskap |
| | 3. Naam:<br>Verwantskap: |

**TAAK 4.2 DIE SKRYF VAN 'N CURRICULUM VITAE (30 – 40 minute)**
**LU 4: AS 6**

Jy moet nou die curriculum vitae van me. Julia Meintjies skryf. Jou onderwyser sal die formaat van 'n CV met die klas bespreek.

Jou onderwyser sal die nasienskaal gebruik om jou werk na te sien:

## ONDERWYSERASSESSERING VAN DIE CURRICULUM VITAE

| | 0 - 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Persoonlike Inligting** | Nie ingesluit nie. | Te veel inligting word gegee, of belangrike inligting word uitgelaat. | Meestal korrek. | Sluit al die belangrike inligting in. |
| **Werkservaring** | Nie ingesluit nie. | Begin by eerste werk. Nie al die datums korrek ingevul nie. Belangrike detail uitgelaat. | In die korrekte volgorde van jongste werk na eerste werk, maar geen detail oor die werk self nie, soos pligte en posisie wat beklee word. | Korrek in alle aspekte. |
| **Kwalifikasies** | Nie ingesluit nie. | Begin by eerste werk. Nie al die datums korrek ingevul nie. Belangrike detail uitgelaat soos die name van die inrigtings. | In die korrekte volgorde van jongste werk na eerste werk, maar geen detail oor die vakkeuses nie. | Korrek in alle aspekte. |
| **Referente** | Nie ingesluit nie. | Nie al die nodige detail is ingesluit nie. | Al die detail is gegee, maar nie die verwantskap nie. | Korrek in al die aspekte. |
| **Taal** | Baie spel- en punktuasiefoute. | Meer as twee spelfoute. Punktuasiefoute. | Geen spelfoute nie. Nie meer as twee punktuasiefoute nie. | Geen spel- of punktuasiefoute nie. |
| **TOTAAL VIR DIE CURRICULUM VITAE** | | | | **20** |

**[20]**

**20 punte**